

# Graad 7

## 7.1 Ons visie vir graad 7

**Hierdie gids vir Graad 7 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie rigied nie.**

Graad 7 vorm die eerste jaar van die Senior Fase. Ons hoofdoel in Graad 7 is om die kinders voor te berei vir hoërskool. Ons fokus daarop om hulle in geheel te ontwikkel, om hul potensiaal so goed moontlik uit te brei en om 'n gebalanseerde kind na die hoërskool te stuur. Ons hanteer die kinders soos jong volwassenes en dit beteken dat ons interaksie en selfs dissipline verskil van die ander grade. Ons wil 'n weerbaarheid by die kinders skep waarby hulle vir die res van hul lewe kan baat.

Ons moedig vraagstelling en klasgesprekke ten sterkste aan. Dit help die kinders om vrae verbaal te formuleer en te kommunikeer terwyl hulle dink oor dit wat hulle wil sê of vra. Ons wil leerders ook leer om hul eie opinies te ontwikkel en selfs vir hulle ruimte te gee waarbinne hulle in sekere vakgebiede mag redeneer en met ander se opinies verskil tydens klastyd waar dit op 'n verantwoordelike manier bestuur word. Ons stimuleer kreatiewe denke en probleemoplossing.

Tydens hierdie sensitiewe adolessente fase word belangrike inligting met die kinders gedeel sodat hulle op alle terreine voorbereid is vir dit wat dalk in die hoërskool op hulle mag wag. Ons moedig die kinders, maar ook die ouers, aan om openlike gesprekke oor (soms) moeilike onderwerpe tuis te voer. Wees asseblief so eerlik as moontlik met u kind oor allerhande onderwerpe. Dis beter vir die kind om dit by sy of haar ouers te hoor as by vriende wat dalk 'n skewe waarheid mag vertel.

Ons wil aan die einde van die Graad 7-jaar sover moontlik selfstandige en verantwoordelike kinders na die hoërskool stuur. Dis dus 'n goeie idee om u kind so gou moontlik aan te moedig om die organisering van sy/haar werk en program self te behartig. Huiswerk kan nagegaan word deur die Kommunikator of google classroom te gebruik.

Ons stel 'n taak- en toetsrooster saam waarin alle belangrike gebeure aangedui word. Kinders word aangemoedig om hul werkboeke (wat nie gebruik word vir huiswerkdoeleindes nie) in die klas te los.

Akademiese prestasie is baie belangrik veral tydens kwartaal 1 omdat dit die punte is waarmee die kind vir 'n spesifieke hoërskool gaan aansoek doen. Ons maak ook op elke laaste dag van die kwartaal die top 10 tydens die saalperiode bekend.

Daar is 'n Graad 7-fonds waarvoor hulle fondinsamelings hou om geld in te samel vir minder bevoorregte Graad 7's, vir die uitstappies, kamp asook die Graad 7-afskeid.

Projekte wat in die verlede geïnisieer is, was o.a. Valentysdag; Somersokkie; Vadersdag; Moedersdag; Ouma- en oupadag (elke tweede jaar); Entrepreneursdag.

Uitstappies: Ons probeer om ten minste een opvoedkundige uitstappie per kwartaal te reël in die laaste week van skool. Daar is gewoonlik nie in die vierde kwartaal 'n opvoedkundige uitstappie nie, aangesien dit dan die afskeid is.

Die twaalf leerderraadslede se ouers dien ook outomaties op die OOV vir die jaar.

Graad 7-kamp: Elke kind is verplig om die kamp by te woon. Finansies mag nie 'n rede vir afwesigheid wees nie. Ons gebruik hierdie aangeleentheid om die kinders beter te leer ken en gee ook vir hulle die kans om ons beter te leer ken.

Graad 7-afskeid: Tydens hierdie informele prettag poog ons dat kinders vir oulaas (sonder enige onkoste) sosialiseer. Daar is genoeg tyd vir hulle om hulself voor te berei vir hul matriekafskeid en daarom hou ons dit baie informeel.

Laaste saalbyeenkoms: Die laaste saalbyeenkoms vind gewoonlik op die laaste skooldag van die jaar plaas. Hierdie is 'n baie spesiale geleentheid vir elke kind en ouer. Die Graad 7's trek vir oulaas hulle korrekte skoolklere aan. Ons moedig ouers aan om dit by te woon.

## **7.2 Assessering in Graad 7**

(Sien asseblief die Akademiese en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede: <http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf>)

Ons volg die amptelike kurrikulumbeleid (KABV) se assesseringsprogram, maar by JVR doen ons ook méér assessering as wat vereis word deur die beleid, om sodoende 'n hoër standaard te bereik. Assessering is 'n integrale deel van die onderrig siklus, omdat dit aan onderwysers uitwys waar daar probleme is wat aangespreek moet word.

Ouers kry elke kwartaal 'n deeglike uiteensetting waar die punt op die verslag vandaan kom. Elke Woensdagoggend is daar 'n periode wat gebruik word vir die formele assesserings. Dit kan óf 'n toets, óf 'n taak wees. Vir die take wat tydens die toetsperiodes gedoen word, ontvang die kinders die opdrag (sowel as die aspekte wat geassesseer gaan word) sowat 'n week voor die tyd, en moet hulle dan inligting insamel om saam te bring en die taak tydens die toesperiode te doen. Die inligting wat ingewin word, moet in Afrikaans wees, aangesien daar nie tyd vir vertaling in die toetsperiode is nie.

Daar is ook take wat by die huis gedoen moet word. Die opdragte hiervoor word sowat 3 weke voor die inhandigingsdatum gegee, en kinders moet dan al die werk by die huis doen.

## **7.3 Huiswerk in Graad 7**

Volgens ons skool se huiswerkbeleid behoort Graad 7's gemiddeld 90 minute per dag besig te wees met huiswerk. Dit hang letterlik af van die spesifieke vak. Kinders kry meestal tyd om werk in die klas te begin, en soms maak hulle ook hier klaar, maar by tye is daar inskerpingsoefeninge wat gedoen word en dit moet by huis gedoen word.

Die Graad 7's is self verantwoordelik om huiswerk af te skryf. Om seker te maak word die volgende meganisme ook gebruik nl. google classroom. Leerders en ouers moet ten minste een maal per dag gaan kyk of daar nie iets verskyn nie.

Die Graad 7's behoort nou self verantwoordelikheid te aanvaar vir die doen van huiswerk. Ouers kan bystaan, maar moet dit glad nie namens hulle doen nie. Dit kan lei tot 'n erge agterstand indien ouers nog vir hul kinders huiswerk doen. Onthou, ons probeer om hulle voor te berei vir Graad 8 waar hulle beslis onafhanklik sal moet werk.

‘n Goeie idee is om ‘n “studybuddy” te kry wat kan help indien die kind vir die een of ander rede afwesig is, nie die huiswerk vir ‘n vak afgeskryf het nie, of nie mooi kan onthou presies wat in die klas bespreek is nie.

## 7.4 Ouers se rol in Graad 7

Die ouer speel ‘n ongelooflike belangrike rol in hierdie fase van die kind se ontwikkeling. Van die kinders begin nou anders dink oor dinge en “omdat ek so sê” gaan beslis nie meer werk nie. Die kinders het nou meer leiding nodig op emosionele en fisiese vlak aangesien die liggaam en die denke besig is om te verander. Dit is ‘n goeie idee dat ouers met hul kind ‘n gesprek voer oor persoonlike higiëne.

Die rol van maats en om sosiaal aanvaar te word is van kardinale belang vir adolessente. ‘n Ouer kan nou die regte leiding gee rondom die keuse van vriende.

Op akademiese gebied kan die ouer net aanmoedig en kontrole uitoefen: maak seker dat huiswerk afgeskryf word, en dat dit gedoen word, maar moenie dit vir die kind doen nie. Ouers kan baie help deur daaglik met hul Graad 7-kind te praat oor wat die dag in die klas gedoen is, en die gesprek ‘n bietjie verder te vat. Moedig hulle ook aan om die dag se werk op te som. Hierdie informele gesprekke, sowel as daaglikse opsommings, help om die werk vas te lê en vat die druk van toetse en eksamens af.

Ouers moet onderwysers laat weet as die kinders afwesig gaan wees, en onnodige afwesigheid moet nie toegelaat word nie: dit is belangrik dat ‘n sin vir verantwoordelikheid gekweek word.

Ouers moet nie voor hul kinders die onderwysers bespreek nie – maak eerder ‘n afspraak om direk met die onderwyser oor ‘n probleem te praat. Dit is ook belangrik om die onderwysers dadelik te laat weet as iets gebeur het wat ‘n negatiewe uitwerking op die kind gaan hê sodat die onderwyser kan help om die probleem te hanteer.

## 7.5 Kinders se rol in Graad 7

Die enigste reël in Graad 7 is: respek vir jouself, vir ander, vir die omgewing. Ons verwag van die Graad 7’s om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul besluite en keuses, en die gevolge daarvan.

Graad 7’s moet selfstandig optree t.o.v. akademie. Hulle moet goed beplan, anders vorm daar ‘n bottelnek en kan die kind swaarkry onder die druk. “Vooruitbeplanning verminder die spanning.”

Kinders moet bybly met daaglikse opsommings, dan is dit nie so ‘n groot krisis naby die eksamen nie. Hulle moet klastyd optimaal probeer benut, en aantekeninge maak. Hoe vinniger die vaardigheid van opsommings en aantekeninge aangeleer word, hoe makliker sal vaslegging en hersiening vir toetse en eksamens plaasvind. Kinders MOET vra as hulle nie verstaan nie; vra vrae om die werk daar en dan duideliker te maak – al voel dit dom!

## 7.6 Onderwysers se rol in Graad 7

Die belangrikste rol van die onderwyser in Graad 7 is om vir die kinders vlerke te gee sodat hulle die beste kan wees wat hul kan wees. Ons skep die geleentheid en die milieu vir kinders om vrae te vra, en ons moedig hulle aan om dit te doen, selfs al is dit soms baie sensitief

Die onderwyser maak seker dat kinders hul huiswerk korrek afskryf. Daar word nie meer elke dag hierna gekyk nie, maar 'n steekproef word wel gedoen. Die Graad 7's se werk word so gereeld moontlik deur die onderwysers gemerk, maar dit gebeur ook dat hulle hul eie of mekaar se werk of klastoetse gedurende klastyd en –gesprekke merk.

Onderwysers het 'n oop-deurbeleid en ouers kan enige tyd kontak maak as hulle iets wil bespreek.

## 7.7 Addisionele klasse in Graad 7

Die standaard by JvR is reeds hoog, en ekstra klasse as 'n reël is dus nie nodig nie. Van die buite-kurrikulêre akademiese programme plaas druk op die kinders, en beklemtoon vaardighede wat nie regtig van belang is in die laerskool nie (bv werk teen tyd).

Vir spesifieke vakke bied die onderwysers soms addisionele klasse aan soos nodig, en geïdentifiseerde kinders word uitgenooi om dit by te woon.

## 7.8 Die kurrikulum in Graad 7

Ons gee 'n oorsig oor elke vak in Graad 7 in die gedeeltes hieronder, spesifiek om van die belangrike aspekte van elke vak uit te lig sodat ouers kan weet waarop daar klem gelê word sodat hulle dit by die huis kan ondersteun. Vir fyner besonderhede oor vakinhoud en die hoeveelheid formele assesserings per vak, besoek gerus die skool se webtuiste om die akademiese en assesseringsbeleid te bestudeer (<http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf>).

### 7.8.1 Afrikaans Huistaal:

Afrikaans bied die ongelooflike voorreg om te integreer met die alledaagse! Belangrike en sensitiewe kwessies word in hierdie vak aangespreek tydens bv. literatuurstudie periodes.

Afrikaans word verdeel in verskillende onderafdelings: Taalstrukture en –konvensies (asook spel); begripslees; literatuurstudie; mondeling; skryf en lees.

Daar word baie klem gelê op die uitbreiding van insig en die meeste vrae in toetse en eksamens is konteks-gebaseer. Kinders word ook aangemoedig om 'tussen die lyne te lees' en dan sodoende 'n ander benadering tot 'n teks te ontwikkel. Barrett se taksonomie (met verskillende kognitiewe vlakke) word gebruik om kinders se denke te ontwikkel en verdiep.

By ons skool word daar méér klem gelê op taalwerk (taalreëls, taalstrukture, woordeskat, spelling, ens) as wat in die KABV aanbeveel word, want ons probeer om die taalreëls vas te lê voordat die kinders die laerskool verlaat. Daar is weeklikse speltoetse, en die onderwyser gebruik ekstra notas ter aanvulling van die kurrikulum.

Wanneer 'n opdrag aan die leerders gegee word, word dit altyd met 'n matriks vergesel, tensy dit 'n toets of eksamen is. Die matriks dui presies aan watter aspekte geassesseer gaan word.

'n Leeslys word aan die begin van die jaar aan die Graad 7's voorsien. Assessering m.b.t. die leeslys sal gedurende die jaar gedoen word. Aanbevelings rakende sekere films sal ook deur die loop van die jaar gemaak word.

### 7.8.2 Engels Eerste Addisionele Taal en Huistaal

The English programme is designed to develop critical and creative thinkers – young people who are able to become confident leaders in society. The aim is to create a supportive environment where each child will be valued and respected individually. Our children must be empowered to communicate with confidence in a changing and challenging world.

We strive to create a classroom environment that promotes the full personal and academic development of all children, regardless of race, class, gender, disability, religion, sexual preference, learning styles and language. The English Department will ensure that children meet and exceed the required standards through structured and organised lessons. Our aim is to provide a basis for various language activities and to introduce the necessary language skills to enhance sound creative thinking.

Laerskool Jan van Riebeeck offers English at First Additional Language level in Grades 1-4, and English Home Language and English First Additional Language from Grades 5-7. The top performing Grade 4 children are formally assessed according to the CAPS guidelines in the third and fourth term to determine the candidates for English Home Language in grade 5. Extension activities, of one hour per week, will be provided to these candidates during the third and fourth term of grade 4. This approach is taken to enhance their language skills and to familiarise them with the next phase.

English Home Language is a complementary subject which provides additional opportunities for specific learners at a more challenging pace. This subject raises the expectations in terms of the number and complexity of tasks to be completed, as the year progresses.

English consists of the following skills:

- **Listening & speaking:** Listening and speaking incorporates a wide range of text types, such as newspaper articles, biographies, dialogues, plays and folklore. Children are encouraged to listen to different kinds of oral texts and respond appropriately. They also actively participate in conversations and discussions. Children use interaction skills and strategies to work in groups independently.
- **Reading and viewing:** Children get the opportunity to view and comment critically and independently on various visual and multi-media texts. They will learn to identify and discuss the key features of good writing such as central idea, characters, setting and plot. They are encouraged to demonstrate independent reading (reading widely for pleasure, information and learning).
- **Writing and presenting:** The children write different kinds of texts for different purposes and audiences and they are motivated to develop and organise ideas through a writing

process. Writing and Presenting is one of the key factors where they will use language to think, reason, investigate and explore.

- **Language structures and conventions:** Language learning should be a natural process, involving many opportunities to practice and produce the language. Language structures and conventions are taught in context and are integrated with the other language skills. Children become familiar with the language rules, grammar, word-level work and sentence-level work as identified in the CAPS.

Lessons can cover one single activity or a series of activities. Different texts are used as a basis for designing the two-week teaching cycle. They have been selected on the basis of how they link together to form an integrated unit, for example the children will listen to a story and then a read story. They will be asked to write a short oral description of a place or person (that will link to the story) or they might be asked to write a letter to a character in the story. A theme or topic for each two-week cycle will be selected to link the activities successfully. The reason for using themes or topics is to make it possible to constantly recycle vocabulary and language structures in meaningful contexts.

Homework will be given on an ongoing and balanced basis and must be taken very seriously. This will enhance continuous language development.

All comprehension assessments are conducted according to the Barrett's cognitive guidelines for languages. English is a challenging subject which requires constant hard work. A conscientious effort applied consistently by the child during the term will lay a sound foundation in preparation for these assessments. Parents are requested to assist *only when specified by the teacher*. It is important for children to work independently on a project in order to give a true assessment.

Various components are used together to consolidate the key language skills and to ensure full curriculum coverage. The main components are:

- *Via Afrika* (First Additional Language): Readers and Learner's Books
- *Oxford English for Success* (Home Language): Reader and Learner's Books
- The *Oxford Reader* consists of folklore, short stories, drama, poetry and novels.
- Various other classroom-based supplementary materials are used (e.g. dictionaries, the Internet)

### 7.8.3 Wiskunde

Die volgende vyf onderwerpe word gedek in Graad 7:

- Getalle, bewerkings en verwantskappe
- Patrone, Funksies en Algebra
- Ruimte en Vorm (Meetkunde)
- Meting
- Datahantering

Met die verspreiding daarvan deur die jaar word elke onderwerp gedoen en aan die einde van die jaar vind die gewigstoekenning as volg plaas:

- Getalle, bewerkings en verwantskappe - 30%
- Patrone, Funksies en Algebra - 25%

- Ruimte en Vorm (Meetkunde) - 25%
- Meting - 10%
- Datahantering - 10%

Daar is beslis 'n klemverskuiwing vanaf Graad 6. Meer aandag word gegee aan Patrone, Funksies en Algebra asook aan Meetkunde. Vir die eerste keer word Graad 7's bekendgestel aan Algebra. Vir sommige is dit 'n bomskok, maar ons doen dit op 'n baie elementêre manier sodat daar nie vrees opgebou word nie. Dit is hoe ons Wiskunde aanpak in Graad 7: dit word gedoen sodat daar nie vrese oor die vak ontstaan nie, dit moet prakties wees en die kinders moet kan verstaan waar ons dit gebruik in ons daaglikse lewens.

Alle formele assesserings word self deur die onderwyser nagesien en opgeteken vir doeleindes van bevordering. Wiskunde is dan ook een van die vakke wat leerders moet deurkom om te kan vorder na die volgende graad. Die minimumvereiste vir slaag is 40%.

Graad 7's kry so min as moontlik huiswerk aangesien daar in die klas tyd gegee word waar hulle 'n sekere konsep moet inoefen. Dit is dan juis in hierdie tyd waar ekstra verduideliking gedoen word indien 'n leerder 'n probleem ervaar. Dit vind dan 1 tot 1 plaas. Indien 'n ouer wil hê dat daar nog werk gegee moet word, beveel ons ou AMESA en Living Maths-vraestelle ten sterke aan. Werk word gewoonlik die volgende dag deurgegaan en Graad 7's merk hul eie boeke en skryf die korrekte antwoorde neer in 'n ander kleur.

Die kinders kan slegs sakrekenaars gebruik om antwoorde te kontroleer of waar daar spesifiek gevra word om met 'n sakrekenaar te werk. Elke Graad 7 moet 'n Wetenskaplike sakrekenaar hê, asook 'n meetkundestel. Die meetkundestel kan in die klas gehou word vir wanneer dit gebruik gaan word - dit moet net duidelik gemerk wees.

Dit is baie belangrik dat die Graad 7's vrae moet vra. Hulle moet leer om buite die boks te dink alhoewel hulle binne die reëls van Wiskunde beweeg. Bewerkings moet ten alle tye gewys word. Hierdeur kan mens optel waar daar 'n konsep is wat die kind nie lekker onder die knie het nie.

Ons gebruik ook die rekenaar as 'n onderrigmetode, met programme soos Mathletics vir ekstra werk en vaslegging. Daar word weekliks tien oefeninge aan kinders gegee wat op 'n weeklikse basis voltooi moet word. Dit is van kardinale belang dat kinders die werk doen, nie net vir vaslegging nie, maar ook om duidelikheid te kry van waarmee die kind sukkel. Met Mathletics kan die onderwyser alle kinders se resultate monitor en ekstra oefeninge vir 'n spesifieke kind gee indien hy/sy sukkel daarmee. Diegene wat die gedeelte bemeester kan aanbeweeg na die volgende afdeling wat dan 'n bietjie moeiliker is.

Vir verryking word daar gebruik gemaak van AMESA en LIVING MATHS asook die WKOD se kompetisie. Alle Graad 7's skryf elke kompetisie se rondte 1 vraestel. Daarna word hulle aangemoedig om aan te gaan na die volgende rondte indien hulle sou kwalifiseer.

Alles in ag genome word daar ruim geleentheid geskep vir u kind om nie bang te wees vir Wiskunde nie, maar om dit te geniet en om die waarde daarvan te bepaal in hulle leefwêreld.

### 7.8.4 Natuurwetenskappe

NW is 'n lywige vak. Die kurrikulum word ondersteun en uitgebrei met die onderwyser se eie notas in die vorm van 'modules'. Hierdeur word die kinders goed voorberei vir Graad 8. Hulle word aangemoedig om baie vrae tydens klasgesprekke en -tyd te vra omdat dit hulle help om hul denke uit te brei en te vernu. Ekstra kennis word dan op hierdie manier vasgelê en ontwikkel.

Graad 7-NW bou voort op Graad 6-NWT. Dit is dus 'n goeie idee om die 'modules' van Graad 6 te hou.

'n Taak of projek word elke kwartaal gegee saam met 'n formele toets. Soms word dit duidelik gemaak dat die ouers wel betrokke mag wees by sekere aspekte van die take omdat daar so min tyd gedurende klastyd is. Ouers mag egter onder geen omstandighede die taak namens hul kinders doen, of iemand anders betaal om dit te doen nie, want daar is geen opvoedkundige waarde daarin om dit te doen nie.

Toetse bestaan uit verskillende vlakke van vrae. Die vlakke (Bloom se taksonomie) word gebruik om kinders op alle vlakke te ontwikkel en dit verseker dat ons nie kinders soos papegaaie grootmaak nie. Insig-, toepassing- en algemene kennisvrae word in NWT-toetse / eksamen gevra.

Omdat NW die inhoudsvak met die meeste leerwerk/inhoud is, bevel ons aan dat die Graad 7's daaglik of weeklik hul notas op datum bring en vroegtydig begin leer vir 'n toets. Klastoetse word so gereeld moontlik in die klas geskryf om vaslegging en hersiening te verseker vir toetse en dan uiteindelik die eksamen. Aantekeninge tydens klastyd asook daaglikse opsommings van die dag se bespreking is van kardinale belang vir vaslegging en hersiening. In Graad 7 word daar meer selfstudie van die kinders verwag as in Graad 6. Dit word aanbeveel dat ouers steeds by die huis voor 'n toets vir hul kind vrae vra, maar dat die kind die antwoorde dalk neerskryf, aangesien hulle toetse en eksamens skriftelik moet beantwoord. Dit help die kinders om te dink oor hoe die antwoord geformuleer moet word en skryfspoed word ook verbeter.

Die belangrikste van NW in Graad 7 is dat 'n liefde vir die vak geskep moet word sodat die kinders in verwondering oor hul leefwêreld moet staan. Die kinders word aangemoedig om dit wat in die klas bespreek word te gaan deel by die huis sodat die hele huishouding (hoe lekker of sleg ookal) betrokke kan word. Sodoende kry die kinders, onwetend, die kans om hul werk van die dag vas te lê.

### 7.8.5 Sosiale Wetenskappe (Geskiiedenis en Aardrykskunde)

In Graad 7 bestaan Sosiale Wetenskappe uit twee vakke, naamlik Aardrykskunde en Geskiedenis

#### Aardrykskunde

Aardrykskunde is daarop gerig om geleenthede vir kinders te verskaf om na hul eie wêreld met vars, kritiese oë te kyk. Dalk nog belangriker is dit daarop gemik om leerders aan 'n wêreld buite hul alledaagse werklikhede bekend te stel.

Die belangrikheid van diepte van kennis word erken - ware kennis vereis dat kinders kennis en vertrouwe het as 'n gevolg van 'n in-diepte leer. Die kurrikulum spesifiseer ure vir elke onderwerp, en die tydstoedeling dui die diepte aan wat nodig word. Kinders word opgelei om te spekulêr, te debatteer, konneksies te maak, te kies, te prioritiseer en om te volhard in die aanpak van die werklike kwessies en belangrike vrae.



Klem word op terminologie geplaas en die Graad 7's moet die woorde leer aangesien dit hulle help om die werk te verstaan. Die nuwe terminologie word gereeld d.m.v 'n blokkiesraaisel aan die kinders gegee. Vir vaslegging word opsommings oor die werk weksliks gegee, en weeklikse terugvoering vind in die klas plaas d.m.v klasgesprekke en klastoetse.

Die doelstellings en vaardighede in die vak moet op die kennisinhoud sowel as die take, projekte, toetse of eksamens toegepas word. Elke toets en eksamen word volgens 'n verskeidenheid kognitiewe vlakke opgestel:

Lae Orde: Kennis en herroeping

Middel Orde: Begrip en toepassing

Hoë Orde: Analise, evaluering en sintese

Verskillende assesserings vind elke kwartaal plaas. Alhoewel die KABV slegs een assessering per kwartaal vereis, doen ons twee. In kwartaal 1 word 'n toets en projek gedoen, in kwartaal 2 'n toets en eksamen, in kwartaal 3 'n toets en werksopdrag en in kwartaal 4 'n toets en eksamen.

Aardrykskunde hou verband met daaglikse gebeure, en dit is daarom belangrik dat kinders op hoogte bly met die daaglikse gebeure wat verband hou met die kurrikulum deur bv nuus te kyk en koerant te lees. Dit help hulle om konsepte te verstaan en navorsing te doen, en om verskillende vaardighede toe te pas.

Die onderwyser moedig die leerders aan om nuwe gebeure oor die wêreld te soek en in die klas te kom bespreek. Dit hou verband met huiswerk opdragte en sodoende kry die leerder meer kans om hul werk vas te lê.

Die leerders het slegs 1uur per week klastyd, en dus is daar geen tyd om in die klas huiswerk te doen nie. Baie van die Aardrykskunde huiswerk moedig die kinders aan om selfstandig te werk en die opdragte moet goed as moontlik voltooi word.

### **Geskiedenis**

Die beginsel van "Jy weet nie waarheen jy op pad is as jy nie weet waarvandaan jy kom nie" onderlê die onderrig van Geskiedenis in Graad 7.

Die spesifieke doelwitte van Geskiedenis is om:

- kinders in die bestudering van die verlede te laat belangstel en geniet
- kennis, 'n begrip en erkenning te skep van die verlede en faktore wat 'n invloed daarop gehad het
- kinders die vaardighede te gee om 'n geskiedkundige navorsingsproses te volg
- 'n begrip van geskiedkundige begrippe te kweek, waaronder geskiedkundige bronne en bewyse.

Deur 'n nougesette ondersoekproses te volg en deur hul ondersoek van kernvrae word Graad 7's in staat gestel om die doelwitte van Geskiedenis te bereik en hul geskiedkundige vaardighede te toon.

Die volgende is van kardinale belang in die verwesenliking van die doelwitte:

- Kry verskillende soorte inligting oor die verlede
- Soek toepaslike inligting
- Besluit of inligting betroubaar is
- Beskou gebeure van die verlede uit meer as een oogpunt
- Verduidelik hoekom gebeure van die verlede dikwels verskillend geïntrepreteer word.
- Debatteer oor wat in die verlede gebeur het, gegrond op beskikbare bewyse
- Skryf geskiedenis op 'n georganiseerde manier met 'n logiese redenasiepatroon
- Begryp die belang van erfenis en bewaring.

Geskiedenis is nie net die herroeping van feite soos 'n pappegaai nie, maar die interpretasie daarvan in die konteks waarbinne dit gebeur het en hoe dit ons gemaak het wat ons vandag is. Ons gesels geweldig baie oor die lewe nou en hoe dat dit wat in die verlede gebeur het 'n invloed het op ons lewens nou as mens en samelewing.

Die volgende begrippe is sentraal in die studie van verandering en ontwikkeling in die samelewing oor tyd heen en maak die kern van Geskiedenis uit.

- Geskiedkundige bronne en bewyse
- Verandering en ontwikkeling in die samelewing oor tyd heen
- Oorsaak en gevolg
- Verandering en deurlopendheid
- Tyd en Chronologie

Hier is die Geskiedenisinhoud vir Graad 7:

- Kwartaal 1 - Die koninkryk van Mali en die stad Timboektoe gedurende die 14de eeu
- Kwartaal 2 - Die trans-Atlantiese slawehandel
- Kwartaal 3 - Koloniserings van die Kaap in die 17de en 18de eeu
- Kwartaal 4 - Samewerking en konflik aan die grense van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu.

Kwartaal 1 - 3 se punte vir take en eksamens word verwerk na 40% en die eindeksamen se punt word verwerk na 60% om 'n finale punt uit 100 te kry. Assesserings is gewoonlik brongebaseerd en Graad 7's moet sekere afleidings kan maak. Hulle word aangemoedig om nie net te skryf wat hulle dink die onderwyser wil hê nie, maar om 'n eie standpunt in te neem en dit dan te ondersteun met bewyse.

Take word gegee soos op die toets- en taakrooster. Graad 7's word aangemoedig om nie net Google te gebruik te maak nie maar ook ander tipe bronne.

### 7.8.6 Ekonomiese en bestuurswetenskappe

Ekonomiese en bestuurswetenskappe (EBW) is 'n praktiese sowel as 'n inhoudsvak wat hoofsaaklik uit drie onderafdelings bestaan naamlik: Ekonomie, Finansiële Geletterdheid en Entrepreneurskap. Hierdie vak poog daarin om die Graad 7's toe te rus met werklike lewensvaardighede vir persoonlike ontwikkeling en die ontwikkeling van die gemeenskap.

Kinders word vir die eerste keer in Graad 7 blootgestel aan EBW. Dis 'n Senior Fase-vak (Graad 7-9) en in Graad 7 word die boustene daarvoor gelê, sodat kinders voorbereid sal wees vir die hoërskool. In Graad 7 wil ons veral belangstelling en liefde vir die vak kweek. Dis belangrik dat die kinders nie die inhoud van die vak onderskat nie. EBW is nie net 'n verstaanvak nie, maar ook 'n leervak. Omdat 'n groot deel van EBW uit finansiële geletterdheid bestaan, is dit belangrik dat die Graad 7's daagliks hul huiswerk moet doen.

Die leer van nuwe woorde (terme) is baie belangrik ten einde die werk te verstaan. Dis die kinders se eie verantwoordelikheid om die nuwe woorde te leer. Hulle word aangemoedig om deel te neem aan klasbesprekings ten einde inklusiwiteit in die klaskamer te bevorder en by ander te leer. Aktiwiteite word meestal in die klas gedoen waar toesig gehou en gemerk kan word met 'n klasbespreking wat daarop volg.

Die hoeveelheid huiswerk wat hulle kry, sal van kind tot kind verskil. Klaswerk wat nie tydens klastyd voltooi word nie, word ook huiswerk. Met ander woorde; 'n kind wat sy/haar klastyd benut sal minder huiswerk hê as 'n kind wat nie in die klas werk nie, of wat teen 'n stadiger tempo werk.

Formele assessering in EBW word kwartaalliks gedoen. Formele assesserings kan enige van die volgende wees: projekte, take, gevallestudie, toetse, eksamens en 'n entrepreneursdag. Hierdie assesserings wissel kwartaalliks afhangende van wat die KABV-beleid vereis. Tydens elke kwartaal moet daar ook 'n formele toets/eksamen geskryf word saam met die voorgeskrewe assessering.

By take/projekte word dit duidelik gemaak by watter aspekte van die projek/taak ouers betrokke mag wees. Ouers moet dus 'n ondersteunende rol speel en nie 'n leidende rol nie. Kinders moet aangemoedig word om self hul huiswerk en take te doen, en ouers se hulp kan ingeroep word vir ondersteuning en afronding.

Dit is baie belangrik dat kinders in Graad 7 onafhanklik werk en selfstandig is. Hulle moet oor die vermoë beskik om te beplan, huiswerk te doen en vroegtydig te begin leer vir toetse en eksamens. Taak- en toetsdatums word vroegtydig gekommunikeer en daarom word punte afgetrek vir werk wat nie betyds ingehandig word nie.

Vraestelle word nie huistoe gestuur nie. Na elke toets of eksamen word die vrae- en antwoordstelle deeglik met die kinders bespreek sodat hulle presies kan weet waar hulle punte verloor het. Antwoordstelle word slegs huistoe gestuur op aanvraag sodat die onderwyser kan kontroleer dat dit die volgende dag terugbesorg word.

### 7.8.7 Lewensoriëntering

In Graad 7 Lewensoriëntering word die kinders aangemoedig om deel te neem aan klasgesprekke en om hul opinies te lewer, aangesien Lewensoriëntering hoofsaaklik gaan oor lewenslesse en hoe jy jouself moet voorberei vir die lewe. Die huiswerk wat gegee word is om die werk wat in die klas behandel is, vas te lê.

Die Graad 7's gebruik die *Via Afrika* handboeke vir Lewensoriëntering. Die handboek is verdeel in weke wat weer onderverdeel word in teoretiese werk en liggaamsopvoeding. Die teoretiese gedeelte word in die klas behandel. Die kinders het ongeveer een uur per week Lewensoriëntering.

In die eerste kwartaal word puberteit met hulle behandel. Die kinders is baie skaam om openlik oor hierdie onderwerp te gesels. Die onderwysers moedig die kinders aan om spontaan aan klasgesprekke deel te neem. Ouers word ook aangemoedig om met hul kinders hieroor te gesels.

Daar is een formele assessering per kwartaal in Lewensoriëntering. In kwartaal twee en kwartaal vier word daar eksamen geskryf en in die ander twee kwartale ontvang hulle 'n opdrag. Die eksamen vraestelle word volgens die vlakke van Bloom se taksonomie opgestel. Daar word van die kinders verwag om by die huis aan hulle take te werk, aangesien daar te min tyd is om die take in die klas te voltooi.

Eksamenvraestelle en antwoordstelle word na afloop van die eksamen vir die kinders gegee word saam met hulle deurgewerk. Daarna word dit weer ingeneem. Ouers is welkom om 'n afspraak te maak indien hulle navrae het oor hul kind se punte. Die vraestel sowel as die antwoordstel sal dan by die skool beskikbaar wees vir die ouer om daarna te kom kyk.

### 7.8.8 Tegnologie

Tegnologie as vak is gerig op innovasie, en ontwikkel kinders se kreatiewe en kritiese denkvaardighede. Dit lê ook die grondslag vir verskillende hoërskoolvakke wat spesifiek gerig is op diegene wat aan tegniese rigtings of ingenieurswese as loopbaan dink.

Tegnologie in die Senior Fase is 'n volledige vak wat net soveel waarde as enige ander vak geniet, en formeel geassesseer word soos al die ander vakke. Ouerondersteuning asook pligsbesef vanaf elke kind is daarom van kardinale belang.

Daar is 2 periodes per week van 'n uur elk. Een periode word aan teorie gewy en een periode aan prakties. Die gebruik van die periodes sal ook afhang van die hoeveelheid teorie of prakties wat gedoen moet word.

Alle praktiese werk word by die skool gedoen en geassesseer. Indien daar 'n alternatiewe reëling is, moet dit per brief of nota aan die betrokke onderwyser gerig word. Leerders word ten minste 2 weke voor die aanvang van 'n praktiese periode verwittig van materiaal wat by die skool moet wees vir die praktiese periodes – dit is belangrik dat die materiaal dan wel saamgebring word, anders kan die praktiese les nie aangepak word nie.

Die Graad 7-leerprogram bestaan uit die volgende:

- Kwartaal 1: Bou van reddingskake
- Kwartaal 2: Bou van selfoontoring
- Kwartaal 3: Bou van eletromagneet
- Kwartaal: 4: Bou van noodskuiling

Daar is ook een toets per kwartaal.

Inplaksels en matrikse vir assesseringsdoeleindes sal aan elke leerder voorsien word. Indien dit verlore raak, is dit daardie leerder se plig om dit op eie onkoste te vervang.

### 7.8.9 Skeppende Kunste

Tot en met Graad 6 word kinders as deel van die Lewensoriëntering-kurrikulum blootgestel aan die verskillende vorme wat deel uitmaak van Skeppende Kunste. Vanaf Graad 7 volgend KABV moet die skool slegs 2 verskillende vorme aanbied. By Laerskool Jan van Riebeeck bied ons Beeldende Kuns en Drama aan as deel van Skeppende Kuns. Al twee vorme word gelyk geassesseer en tel presies dieselfde vir rapporteringsdoeleindes.

Ons het bekwame spesialiste in die spesifieke gebiede nl. me. van der Merwe wat die Beeldende Kuns aanbied en me. Jana Nel wat verantwoordelik is vir die Drama.

Daar is 'n handboek wat gebruik word, maar ons gee dit slegs wanneer die teoretiese eksamens geskryf word. Die boek is lywig en en daarom vind ons dat dit makliker is om die boeke in die klas te hou. Daar word in Junie sowel as November eksamens afgelê.

Ons poog om baie sterk kreatiewe denke aan te moedig, en daarom val die dissipline soms, maar as ons optree voor mekaar gee ons erkenning aan elkeen en na die tyd word daar raad en kommentaar gegee.